WAT VAN 'N KOPPIE TEE?

Die Susters van wyke 7 en 8 nooi almal uit om
na die erediens 'n koppie tee of koffie
in die kerksaal te kom geniet.

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan.

Bydraes vir die diakonie asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.** Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**

Bank: FNB Potchefstroom.

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.

Cup a soup, min noedels, koekmeel, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. (Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram). Sunlight seep, skottelgoedseep, toiletpapier.

CACHET SKOLIESKAMP 10-15 Julie 2022

'n Verrykende en onvergeetlike skoolverlaterskamp aangebied deur die Gereformeerde Kerk Cachet.

Enige graad 10 – 12 leerders is welkom. Wat is Skolieskamp?

Die kamp dien as 'n geleentheid vir hoërskoolleerders om toegerus te word vir die lewe na skool. Saam met die studente van Cachet kan jy hope pret en aktiwiteite verwag waar ons die gemeenskap van gelowiges geniet, uitbrei en vier.

By Takwasa Youthcamp net buite Potchefstroom. Kostes beloop R 945 per persoon en sluit alle etes, verblyf en aktiwiteit in.

Vir meer inligting en verdere navrae kontak **Germari Bos: 081 252 5818**



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 38, nr 21 Sondag 19 Junie 2022
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by erediens en Huis Eikelaan om 15:30: Ouderling wyk 15 **Fanie Jooste** en wyk 16 **Gideon Wentink.**
Diakens: Wyk 15 **Jan de Vos** en Wyk 16 **Johann de Waal**
Teebeurt: Susters van wyke 7 en 8.
Wyksusters **Tillie Eloff** en **Mari Badenhorst**.

EREDIENSTE Oggend prof Callie Coetzee, aand by GK Cachet

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30. Eredienste ook per whatsapp

OGGEND Ons is dankbaar dat prof. Callie Coetzee ons vanoggend in die erediens voorgaan. Prof. Callie is vandag 50 jaar gelede as Woordbedienaar in die GK Louis Trichardt bevestig. Vandag is dus vir prof. Callie en sy gesin 'n besondere dag. Ons is as gemeente dankbaar vir die voorreg om dit saam met hom en Susan in dankbaarheid teenoor die Here te mag herdenk. Ons verwelkom graag besoekers wat saam met prof. Callie in die vreugde van die dag deel. Ds. Jannes-hulle is die naweek uitstedig. Hulle vier as familie saam sy pa se sewentigste verjaardag.

OGGEND Skriflesing: 1 Korintiërs 3
Vooraf sang: Psalm 150: 1 tot 3
Sang tydens die diens: Psalm 89: 1, 6; Palms 38: 1, 8; Psalm 68: 9; Psalm 48: 1, 5

AAND Die **Gereformeerde Kerk Cachet** is vir 'n paar jaar al besig met aanbouings aan hulle gemeentesentrum om dit funksioneel te omskep sodat dit as vergaderplek met hulle eredienste gebruik kan word. Deur die genade van die Here is die gebou sodanig omskep dat dit vir hierdie doel nou gebruik kan word. →

Uit dankbaarheid teenoor die Here en uit dank vir die gemeente se ondersteuning van die GK Cachet in hierdie saak en om in hulle vreugde te deel, is ons uitgenooi om vanaand saam met die GK Cachet in hulle gemeentesentrum 'n aanddiens te hou. **Daar sal dus nié vanaand 'n erediens in ons kerkgebou wees nie. Ons woon as gemeente vanaand om 18:00 die aanddiens by die GK Cachet by.** Indien u onseker is rondom parkering kan u die skriba van Cachet, Alistair van Heerden kontak (066 553 2740)

PRAKTIESE REëLINGS TEN OPSIGTE VAN DIE AANDDIENS BY GK CACHET

Ingang: Aangesien ons gebou (Hoffmanstraat 28) binne die kampus is, moet mense deur die hoofhek van die universiteit beweeg. Stel gerus net aan die hekwag dat julle kom vir die erediens. Hulle laat mens dan in.

Parkering

Gebruik asb die groot parkering van die universiteit. Dit is die eerste draai na regs nadat jy deur die hoofhek beweeg het. Indien daar ouer lidmate is wat nie kans sien om so ver te loop nie, kan hulle gerus binne by die kerkgebou (GS) kom parkeer. Daar kan ongeveer so 8 voertuie parkeer. Alternatiewelik kan ons reël dat ons lidmate hulle by die parkeer-area oplaai en aanry.

Toesig

Omdat dit 'n gesamentlike diens is, kan die kerkraad saam met GK Cachet se kerkraad 20 minute voor die aanvang van die erediens saam vergader. Die kollekte sal dan ook tussen die twee gemeentes verdeel word. Ons kollekte word beide fisies en elektronies by wyse van Snapscan opgeneem.

Liturgie

Ons gemeente het nie projeksie nie. Hoewel ons meestal Totius-berymings en Skrifberymings sing, word ander berymings ook soms gesing. Daarom stuur ons aan die gemeente die liturgie per Whatsapp uit om vanaf te sing. Die liturgie vir die Sondagaand erediens sal op die GK Potchefstroom Preke groep geplaas word voor die aanvang van die aanddiens.

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir ***GKSA Sustentasiefonds*** *in* die rooi sakkies.

Hierdie *Op die Kerkwerf* is die laaste van hierdie kwartaal.
Die volgende *Op die Kerkwerf* verskyn DV weer op
Sondag 17 Julie 2022.

Ds Koos Mouton (emerituspredikant) sal DV vanmiddag om 15:30 die erediens by Huis Eikelaan waarneem.

Die geselligheidskommissie nooi die lidmate uit om Sondag na die diens saam met **prof Callie en Susan** verversings in die saal te geniet

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

Ons is saam met sy geliefdes baie dankbaar dat Nico Malan Maandag uit die intensiewe sorg-eenheid van die Groenkloof Hospitaal na die hoësorgeenheid geskuif is. Ons verseker **Nico en Leoné** met hulle familie (in besonder Cornelia, Thom en Theon) van ons volharding in gebed.

May Vorster kon eers Woensdag weer chemoterapie ontvang nadat haar witbloedseltelling te laag was om Dinsdag die terapie te ontvang. Dit is ons vurige gebed dat ons hemelse Vader die behandeling wat May ontvang sal seën – vir haar tot lewenskwaliteit, maar bo alles tot eer en verheerliking van sy Naam.

Pollie J van Rensburg moet Woensdag (22/06) 'n opvolgondersoek deur die internis ondergaan nadat sy 'n klompie weke gelede vir longonsteking en nierinfeksie in die hospitaal opgeneem is. Ons verseker haar en haar dogter, Marina, van ons voorbidding.

Petro van der Walt moes Dinsdag 'n nood-operasie ondergaan nadat 'n lekkasie van vloeistof in haar oog gediagnoseer is. Ons bede is dat sy spoedig en volkome sal herstel.

Attie Venter het ook 'n oogprosedure ondergaan. Ons is dankbaar dat dit goed afgeloop het en bid hom sterkte en seën toe.

VAN ONS KERKRAAD

Katkisasie Ons katkisasiewerksaamhede hervat na die wintervakansie op Sondag 24 Julie. Les 16 word dan behandel.

Dagboek

Di	21/06	Oggend	Huisbesoeke	Volgens afspraak
		15:00	Bybelstudie Huis Eikelaan	Rooi sitkamer
		18:00	Diakonie toerusting	Ou Kerkie
Wo	22/06	Oggend	Huisbesoeke	Volgens afspraak
		Aand	Huisbesoeke	Volgens afspraak
Do	23/06	Oggend	Huisbesoeke	Volgens afspraak
		18:30	Ouderlinge toerusting	Ou kerkie

 Huisbesoek afsprake soos gereël. Siekesorg en ander pastorale ondersteuning word graag verleen sodra kennis van nood ontvang word.

Belangrike datums om te onthou

So	24/07	10:30	Gemeentevergadering	Kerkgebou

BROERS TER APPROBASIE

Die broeders wat die roeping as ouderlinge en diakens opvolg, sal Sondag, 26 Junie in die ampte bevestig word.

VERJAARDAE GEDURENDE DIE VAKANSIE

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardag. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

20 Junie	**Abram Kruger (95),** . Wyk 13.
21 Junie	**Gert Kruger (snr)(88),** Wyk 12.
22 Junie	**Leana Mostert**. Wyk 4
	Danika Nortjé, Wyk 20
25 Junie	**Karel Marais,**. Wyk 7.
	Ita Schulze (89), Wyk 13
26 Junie	**Charlotte Henderson,** Wyk 7
	René Viljoen, Wyk 16
27 Junie	**Anna Havenga (85),** Wyk 5
30 Junie	**Salome Kruger,** **Wyk 11**
1 Julie	**Pietro Drijfhout,**
2 Julie	**Hennie Kruger,** Wyk 11
	Riekert van Lith,. Wyk 9
3 Julie	**Marie du Preez** Wyk 10
5 Julie	**Gideon Wentink,** Wyk 9
6 Julie	**Chrisna Coetzee,** Wyk 2
9 Julie	**Attie Viljoen,**. Wyk 3
12 Julie	**Elize Bezuidenhout,** Wyk 13
	Hettie Venter (88), Wyk 13
13 Julie	**Mara Boneschans,** Wyk 2
14 Julie	**Ria Esterhuizen,** Wyk 7
	Annatjie Walker, . Wyk 20
15 Julie	**Mari Badenhorst (85),** Wyk 12
	Annatjie Slabbert, Wyk 11
16 Julie	**Melissa Coetzee,**. Wyk 7

Bank(vas) agter Cachet!

Indien jy 'n bank of sitkamerstel het wat rondstaan, oorweeg asseblief om dit vir GK Cachet te skenk.
Kontak Lulu
079 588 9382